

**DIE INVLOED VAN AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE OP  
DIE GESINDHEID TEENOR EN DIE TAALVERMOË IN AFRI-  
KAANS VAN ENGELSSPREKENDE LEERLINGE IN DIE LAEVELD.**

**JACK JOHN JANSE VAN RENSBURG, B.A. (HONS.), T.H.O.D.,  
VDO (ONDERWYSBESTUUR)**

**SKRIPSIE VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN  
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (TOE-  
GEPASTE LINGUISTIEK) IN DIE DEPARTEMENT ALGEMENE  
TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP AAN DIE POTCHEFSTROOMSE  
UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.**

**LEIER: PROF. D. WISSING**

**POTCHEFSTROOM**

**1995**



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

1.1	INLEIDING	p.1
1.2	PROBLEEMSTELLING	p.4
1.3	DOELSTELLINGS	p.5
1.4	HIPOTESE	p.6
1.5	SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING	p.6

### HOOFSTUK 2

2	LITERATUURONDERSOEK	p.8
2.1	INLEIDING	p.8
2.2	TAALGEMEENSKAPPE	p.9
2.3	TAALKONTAK	p.11
2.3.1	TAALKONTAKSITUASIE	p.11
2.3.2	DUBBELTALIGHEID	p.12
2.3.3	TWEETALIGHEID	p.13
2.4	TAALGESINDHEID	p.15
2.4.1	TAAL EN KONFLIK	p.16
2.4.2	KULTURELE VERDRAAGSAAMHEID	p.18
2.4.3	TAALVOORKEURE	p.19
2.4.4	INTERAFHANKLIKHEID VAN GESINDHEID EN VERMOË	p.20
2.5	DIE INVLOED VAN ANDERSKLEURIGES OP AFRIKAANS EN ENGELS	p.20
2.6	DIE TAALKONTAKSITUASIE IN KANADA	p.24
2.6.1	BREË OOREENKOMSTE MET SUID-AFRIKA	p.24
2.6.2	ENGELSE OORHEERSING VAN FRANS	p.25
2.6.3	TAALWETGEWING	p.26
2.7	SAMEVATTING	p.27

**HOOFSTUK 3**

3.	EMPIRIESE ONDERSOEK	p.30
3.1	INLEIDING	p.30
3.2	ONTWERP	p.31
3.3	ONDERSOEKPOPULASIE	p.31
3.4	MEETINSTRUMENTE	p.33
3.5	MEETPROSEDURE	p.33
3.6	RESULTATE	p.34
3.6.1	STATISTIESE VERWERKING	p.34
3.6.1.1	GESINDHEIDSVRAELYS	p.35
3.6.1.2	DIE GESTANDAARDISEERDE PRESTASIE TOETS IN AFRIKAANS EERSTE TAAL	p.45
3.7	INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKING	p.48
3.8	AANBEVELINGS	p.52
	BRONNELYS	p.56
	AANHANGSEL A	

\* \* \* \* \*

## HOOFSTUK EEN

### 1.1 INLEIDING

Met die veranderinge op staatkundige gebied het onderwysleiers in samewerking met die belanghebbende politici na alternatiewe onderwysmodelle begin kyk. Dié proses het sy finale beslag gekry in die Wet op Onderwysaangeleenthede van 1988 (Wet 70) - Administrasie Volksraad. Hierdie wet maak voorsiening vir die instelling van die staatsondersteunde skool (Model C-skool) as 'n onderwysmodel.

Hierdie model stel per wetgewing die Bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool in staat om toelatingsvereistes te stel. Hierdie toelatingsvereistes word egter gemonitor deur die oorgangsgrondwet wat vanaf 27 April 1994 in werking is.

'n Toelatingsvereiste wat deur die oorgangsgrondwet gehandhaaf word, is die kwessie rondom taalvaardigheid in die spesifieke onderrigmedium van die betrokke skool op voorwaarde dat die toelatingsvereiste nie gekoppel word aan ras of kleur nie. So 'n toelatingsvereiste is ook opvoedkundig verantwoordbaar: 'n kind behoort beskerm te word teen die onrealistiese strewe van 'n ouer wat sy kind in 'n onderrigmilieu wil plaas waar sy of haar taalvermoë absoluut ontoereikend is om akademies te kan vorder.

Die konsep van die staatsondersteunde skool het reeds voor 27 April 1994 aan sulke skole die geleentheid gebied om anderskleuriges toelating te gee indien daar aan al die toelatingsvereistes voldoen is. Talle anderskleuriges het selfs by Afrikaanssprekende hoërskole toelating verkry. Meer is egter toelating geweier op grond van 'n ontoereikende taalvermoë in Afrikaans.

Dit is egter nie net anderskleuriges wat 'n Afrikaanssprekende staatsondersteunde hoërskool oorweeg nie. Daar is tekens dat wit Engelssprekendes ook in die rigting beweeg, hoewel nie in groot getalle nie. In die Laeveld is dit 'n tendens wat tans sterker voorkom as twee, drie jaar gelede.

Bogenoemde tendens het nie net te make met 'n waarskynlike redelike tot goeie vermoë in Afrikaans nie, maar ook waarskynlik met 'n redelike tot goeie gesindheid van nie-Afrikaanssprekendes teenoor Afrikaans. Volgens De Klerk en Bosch (1992, p.2) word gesindheid gedefinieer as "an internal disposition to react positively or negatively to a set of objects and usually comprises three components: thoughts, feelings and predisposition to act." Taalgesindhede sluit die gesindheid teenoor die taal as sodanig in maar ook die gesindheid teenoor die sprekers van die spesifieke taal.

Min empiriese studies ten opsigte van taalgesindheid is al in Suider-Afrika onderneem. Redes hiervoor (De Klerk en Bosch 1992, p.6) is metodologiese probleme in die navorsing van so 'n sensitiewe en dikwels subjektiewe aangeleentheid. 'n Studie soortgelyk aan hierdie een is deur Young et al. (1991) onderneem, waartydens hoërskoolleerlinge in die Wes-Kaap betrek is. Die doel van die studie was om hul gesindheid teenoor Engels as onderrigmedium en amptelike taal te bepaal. Met behulp van die sogenaamde "open-ended question

method" is bevind dat oor die algemeen voorkeur gegee word aan Engels as onderrigmedium. Afrikaanse en Engelse respondente was sterk ten gunste van moedertaalonderrig.

Die situasie vir suiwer Afrikaanse hoërskole in die Laeveld ten opsigte van hul tradisionele voedingsbronne is besig om te verander. Die redes waarom anderstaliges Afrikaanse hoërskole vir sekondêre onderwys begin oorweeg, is nie vir hierdie navorsing belangrik nie en word dus nie gehanteer nie. Wat wel van belang is, is enersyds die waarskynlike gesindheidsverandering teenoor Afrikaans wat in die Laeveld blyk plaas te vind en andersyds die feit dat Afrikaanse hoërskole baie krities kyk na aansoekers vir toelating tot st. 6 wat van laerskole afkomstig is wat nie dieselfde onderrigmedium gebruik nie.

Die Laeveld as geografiese streek (Fig.1) beskik oor 'n hoë persentasie Engelssprekendes gesien teen die agtergrond dat die Laeveld deel is van die Transvaalse platteland wat oorwegend Afrikaanssprekend is sover dit die wit deel van die bevolking betref. Die dorpe ter sprake in die streek wat algemeen bekend staan as die Laeveld is Nelspruit, Witrivier, Sabie, Barberton en Lydenburg, elk met sy eie omliggende nedersettings, plaasgemeenskappe, industriële komplekse, bosbouinstellings en dan ook kampe in die suidelike deel van die Nasionale Krugerwildtuin.



Die Laeveld as 'n komprehensiewe eenheid van die Transvaalse Onderwysdepartement soos wat dit nog tans gestruktureer is, bestaan uit sewe hoërskole: vyf met Afrikaans as onderrigmedium, een met Engels as onderrigmedium en een met Afrikaans en Engels as onderrigmedium. Verder is daar 22 laerskole waarvan die meeste klein skooltjies is en wyd versprei lê. Die agt grootste laerskole het 'n leerlingtal van 400 en meer: vier met Afrikaans as onderrigmedium, een met Engels en drie met Afrikaans en Engels as onderrigmedium.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Daar bestaan dus op laerskoolvlak in die Laeveld 'n redelike mate van taalkontak tussen Afrikaans en Engels. Die bestaan of afwesigheid van hierdie taalkontak, ten spyte van formele taalonderrig, beïnvloed die taalvermoë van 'n st. 5-leerling ten opsigte van sy/haar moontlike toelating tot 'n hoërskool wat 'n ander onderrigmedium gebruik as die laerskool waarin so 'n kind hom/haar bevind. 'n Studie van die kwaliteit Afrikaans van 'n st. 5-leerling in 'n suiwer Engelse laerskool gemeet teen die kwaliteit Afrikaans van 'n st. 5-leerling in 'n dubbelmedium laerskool kan aanduidings gee van die mate van sukses wat Engelssprekende st. 5-leerlinge sal behaal om toelating tot Afrikaanse hoërskole in die Laeveld te verkry.

Die vermoë in 'n bepaalde tweede taal word nie net bepaal deur die blootstelling daaraan nie, maar ook die gesindheid om die taal te wil aanleer en 'n positiewe gesindheid teenoor die sprekers van daardie taal. (Bosch en De Klerk, 1993, p.2) Hierdie studie fokus op die taalkontak, taalge-

sindheid en taalvermoë van leerlinge in die spesifieke afgebakende skole in die Laeveld. (Fig. 1) en geld die probleemvrae, doelstellings en hipotese slegs hiervoor. Die studie probeer antwoorde op die volgende vrae kry:

- a. Is die vermoë in Afrikaans van 'n Engelssprekende St. 5-leerling in 'n dubbelmedium laerskool beter as dié van 'n leerling in 'n suiwer Engelsmedium laerskool?
- b. Verskil die gesindheid teenoor Afrikaans van 'n Engelssprekende leerling in 'n dubbelmedium laerskool van dié van 'n leerling in 'n suiwer Engelse laerskool as gevolg van die groter taalkontak?
- c. Gaan 'n beter gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes saam met 'n beter gesindheid teenoor die taal self en uiteindelik tot 'n beter taalvermoë?

### 1.3 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie is om vas te stel:

- a. of Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n dubbelmedium skool oor 'n beter taalvermoë in Afrikaans beskik as Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool,
- b. of die gesindheid teenoor Afrikaans van Engelssprekende leerlinge in 'n dubbelmedium laerskool verskil van dié van leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool,

- c. of 'n beter gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes saamgaan met 'n beter gesindheid teenoor die taal self en uiteindelik tot 'n beter taalvermoë.

#### 1.4 HIPOTESE

- a. Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n dubbelmedium laerskool se taalvermoë in Afrikaans is beter as dié van Engelssprekende leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool.
- b. Die gesindheid teenoor Afrikaans van Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n dubbelmedium laerskool is as gevolg van die groter taalkontak beter as die van leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool.
- c. 'n Beter gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes gaan saam met 'n beter gesindheid teenoor en taalvermoë in Afrikaans.

#### 1.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Gesien in die lig van die staatkundige veranderinge in Suid-Afrika het Afrikaanse hoërskole tot 'n sekere mate bedreig begin voel ten opsigte van hul taal, kultuur en etos. Hoewel taalvaardigheid as 'n toelatingsvereiste gestel mag word, is die gesindheid van 'n nie-Afrikaanssprekende aansoeker teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes asook so 'n persoon se bekendheid met die Afrikaanse kultuur ook vir Afrikaanse hoërskole belangrik. Skole en skoolgemeenskappe is nie ongeneë om nie-Afrikaanssprekendes toe te laat nie. Daar moet egter nie sprake wees van 'n moontlike bedreiging van hul kultuur en etos nie.

Die tendens wat tans in die Laeveld waarneembaar is (verge- lyk p.2), het vrae in die verband na die oppervlak gedruk. Hieruit spruit die motivering om op 'n gestruktureerde basis (empiries) te probeer vasstel wat die situasie op laerskoolvlak is rondom taalvermoë en gesindheid. In die literatuurondersoek word baie sterk gefokus op gesindheid. Die redes daarvoor lê onder andere opgesluit in die volgen- de:

- \* Gesindheid oor taal- en kultuurgrense heen is 'n belangrike aspek in 'n multikulturele samelewing soos dié in Suid-Afrika.
- \* Taalgesindheid is 'n weerspieëling van sosiale gesind- hede.
- \* Taalgesindheid is 'n aanwyser ten opsigte van inter- verhoudinge in 'n gemeenskap.
- \* Taalgesindheid is 'n weerspieëling van die potensiële konflikte wat in die gemeenskap mag voorkom.
- \* Taalgesindheid het waarskynlik ook iets te make met taalvermoë.

Die oogmerk met die literatuurondersoek is om vas te stel watter lig die relevante literatuur werp op aspekte soos taalgesindheid, taalkontak en taalbeïnvloeding.

## HOOFSTUK TWEE

### 2. LITERATUURONDERSOEK

DIE INVLOED VAN TAALKONTAK EN DIE VLAKKE WAAROP DIT  
BINNE TAALGEMEENSAPPE FIGUREER.

#### 2.1 INLEIDING

Taal is waarskynlik die suiwerste vorm van kultuur. Taal is die middel wat mense gebruik om binne 'n bepaalde sosiale en kulturele konteks te kan beweeg. Taal is dus 'n sosiale instelling wat beïnvloed word deur onder andere maatskaplike, kulturele en politieke faktore.

Suid-Afrika is 'n samestelling van multikulturele gemeenskappe. Elke kultuurgemeenskap het 'n geskiedenis ten opsigte van sy eie herkoms, ontwikkeling, ideale, aspirasies, raakpunte en verskilpunte met ander kulture en kultuur- en taalkontakte met ander gemeenskappe. Die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing het tot gevolg dat elke kultuurgroep die begrip nasionalisme op 'n ander wyse ervaar. Taal is gewoonlik die simbool van nasionalisme van 'n volk. Tussen nasionalisme en taalloyaliteit bestaan 'n besondere korrelasie.

Dit is dan onvermydelik dat in so 'n taalsituasie daar nie net 'n twee-taalkontaksituasie sal ontstaan nie maar 'n multi-taalkontaksituasie. Kultuur- en taalverskille word duidelik blootgelê tydens taalkontak.

Hierdie literatuurondersoek poog om enkele scenario's van taalkontak te beskryf, die aanloop en verloop daarvan en dan die daaropvolgende uitkoms van die kontak. Daar word gekyk na die rol wat die verskillende taalgroepe speel, die etniese samestelling en die politieke dryfvere wat taalgesindhede en taalwetgewing beïnvloed. Die latere verwysing in hierdie hoofstuk na die invloed van anderskleuriges op Afrikaans en Engels het spesifiek die doel om die moontlike verband tussen taalgesindheid en taalvermoë te probeer uitlig.

## 2.2 TAALGEMEENSKAPPE

'n Kind ontvang geen taal - nie sy moedertaal of 'n tweede taal - in 'n klaargemaakte vorm nie. 'n Kind word wel met die vermoë gebore om taal te kan aanleer. Taal word stap vir stap aangeleer deur onder andere nabootsing, herhaling, studie en voortdurende of gereelde blootstelling aan die taal. Hierdie impulse kom vanuit die taalgemeenskap waarbinne die kind beweeg. Sodoende word sy taalvermoë gemodelleer en vermeerder totdat hy die taalniveau van sy omgewing bereik. Kennis van die taalsisteem van sy gemeenskap word ook geleidelik verwerf (Van der Walt, in Van der Merwe, 1964 p.75). In 'n enger, sosiolinguistiese sin beskou Odendaal (in Botha, 1983, p.264) taalgemeenskap as 'n versameling mense wat dieselfde sosiale norme het in die waardering van taalvorme.

'n Taalgemeenskap impliseer nie dat dit al die inwoners van die land insluit nie (Fasold, 1990, p.39 - 42). 'n Taalgemeenskap verteenwoordig die sosiale en kulturele waardes van 'n spesifieke groep mense. Die kommunikasiegedrag van

'n taalgemeenskap word bepaal deur praatsituasies, praatgeleenthede en praathandelinge.

Hymes (in Gumperz & Hymes, 1972, p.54) verwys soos volg, met die vorige paragraaf in gedagte, na 'n taalgemeenskap: "Speech community is a necessary, primary term in that it postulates the basis of description as a social, rather than a linguistic, entity. One starts with a social group and considers all the linguistic varieties present in it, rather than starting with any one variety."

Hymes (1972 p.54) meen verder: "The present approach requires a definition that is qualitative and expressed in terms of norms for the use of language." Dit is nie die frekwensie van interaksie nie, maar die situasies waarin interaksie plaasvind, wat belangrik is. Hy som sy definisie van 'n taalgemeenskap as volg op: "Tentatively, a speech community is defined as a community sharing rules for the conduct and interpretation of speech, and rules for the interpretation of at least one linguistic variety. Both conditions are necessary." (p.55)

Die taalsituasie kan beskou word as die totale spektrum van gemeenskappe waarbinne 'n persoon kan beweeg met sy kennis van taalverskeidenheid en taalreëls sodat hy effektief kan kommunikeer. Binne die praatsituasie is daar 'n praatnetwerk, naamlik die skakeling van mense deur middel van gemeenskaplike variëteite en praatreëls oor die grense

van gemeenskappe. Samevattend meen Hymes (in Gumperz & Hymes, 1972, p.55): ..."one's speech community may be, effectively, a single locality or portion of it; one's language field will be delimited by one's repertoire of varieties; one's speech field by one's repertoire of patterns of speaking. One's speech network is the effective union of these two."

## 2.3 TAALKONTAK

### 2.3.1 TAALKONTAKSITUASIE

Dit is onvermydelik dat, wanneer tale met mekaar in kontak kom, daar sprake sal wees van wedersydse beïnvloeding. Volgens Du Plessis (1987, p.23) sal die struktuur van die een taal 'n invloed op die ander hê en omgekeerd. Hierdie invloed van twee tale wedersyds op mekaar is selde presies dieselfde. Daar is verskeie redes - veral nie-linguistiese redes - waarom die een taal in die kontaksituasie die meerdere taal (T1) word. Dit is die taal wat minder beïnvloed word as die ander taal (T2). Faktore soos politieke en ekonomiese mag en hoër kulturele ontwikkeling bepaal watter taal die T1 sal wees. Die wedersydse beïnvloeding lei noodwendig daartoe dat die struktuur van die een taal in 'n meerdere of mindere mate inwerk op dié van die ander taal.

Du Plessis (1987, p.24) meen verder dat in die taalkontak-situasie dit reeds bewys is dat die T1 die struktuur van die T2 beïnvloed. Dit gebeur egter ook dikwels dat T2-sprekers 'n strewe het om T1 aan te leer. Sodoende word

T1 die doelwittaal van die T2-sprekers. In so 'n geval oefen die T1 nie as sodanig 'n invloed op die T2 uit nie, maar die T2-sprekers - in die proses om die doelwittaal aan te leer - veroorsaak dan dat heelwat kenmerke van die T2 in die T1 begin neerslag vind. Op die wyse ontstaan ander vorme van die T1 as gevolg van volwasse nes se pogings om die doelwittaal aan te leer.

Voordat 'n mens al die bedreiginge van taalkontak op die voorgrond wil druk, moet 'n mens in gedagte hou dat taalkontak 'n enorme rol gespeel het in die ontstaan van Afrikaans. Volgens Raidt (in Botha, 1983, p.66 -67) het hierdie kontaksituasie verskillende grade van kontak en interaksie gehad, maar direk of indirek het alle vorme van taalkontak die wording van Afrikaans, die geleidelike oorgang van Nederlands na Kaaps-Nederlands en uiteindelik na Afrikaans beïnvloed. Taalkontak was enersyds beperk tot 'n transaksionele interaksie, dit wil sê tot kontak met 'n spesifieke doel in 'n afgebakende situasie waar spesifieke transaksies plaasgevind het. Andersyds het taalkontak in persoonlike interaksies 'n groter invloed gehad, omdat die individuele sprekers in daaglikse en persoonlike kontak met mekaar verkeer het.

### 2.3.2 DUBBELTALIGHEID

Tale kan mekaar eintlik eers begin beïnvloed as hulle langs mekaar gebruik word. Die eintlike taalkontak word veroorsaak deur 'n dubbeltalige persoon wat die twee tale afwisselend gebruik. Dubbeltaligheid word eerstens veroorsaak deurdat die spreker genoodsaak word om taalkontak te maak met 'n taalgemeenskap anders as sy eie.

Van der Merwe (1972, p.248) meen dat dubbeltaligheid twee moedertale impliseer, naamlik die primêre taal (moedertaal) en die sekondêre taal (tweede of vreemde taal). Dit is ook moontlik dat 'n spreker meer as een sekondêre taal kan beheers. In Suid-Afrika is dit geen ongewone verskynsel dat 'n Afrikaanse moedertaalspreker Engels en 'n swart taal as sekondêre taal kan beheers nie. Nog meer algemeen is swartes wat een of meer swart tale kan beheers plus nog Afrikaans en Engels. Hierdie meertaligheid kan slegs ontwikkel as daar 'n wisselwerking bestaan tussen die sprekers van die verskillende moedertale. Taalkontak is 'n voorvereiste vir hierdie wisselwerking.

### 2.3.3 TWEETALIGHEID

Volgens Van der Merwe (1969, p.169) ontstaan betekenisvolle tweetaligheid slegs waar twee verskillende gemeenskappe geleentheid het om mekaar se tale aan te leer. Kontak op sosiale, politieke, ekonomiese, maatskaplike en beroepsvlakke sal tweetaligheid bevorder. Die kulturele meerderheid, dus 'n getallefaktor, van een taalgemeenskap oor 'n ander kan die gevolg hê dat die meerderheidsgroep se tweetaligheid minder is as die minderheidsgroep s'n. Daar word aanvaar dat Engelssprekendes op die Transvaalse platteland se vermoë in Afrikaans beter is as wat die Afrikaanssprekendes se vermoë in Engels is. Die omgekeerde is ook weer waar vir Afrikaanssprekendes in oorwegend Engelssprekende stede soos Durban en Oos-Londen.

Van der Merwe se betoog is egter slegs geldig vir sover dit wit sprekers betref. Swart sprekers, die meerderheid, moes in die verlede by die wit minderheid se tale aanpas. Dit is baie waarskynlik dat daar meer swartes is (ook persen-

tasiegewys) wat 'n wit taal kan beheers as wat daar wittes is wat 'n swart taal kan beheers.

Dit wil voorkom asof die weerstand en onverdraagsaamheid wat van die begin van die eeu af tussen Afrikaans en Engels bestaan het, oor die afgelope jare afgeplat het. Politieke en staatkundige verandering in Suid-Afrika het wit verbruikers van die twee tale in 'n groot mate begin saamgroepeer. Tog meen Van der Merwe (1969, p.169), maar weer eens met net wit sprekers in gedagte, dat die volkome beheersing van die tweede taal 'n baie hoë mate van kulturele gesofistikeerdheid vereis. "Selfs sprekers wat 'n sekondêre taal vlot kan praat, praat die taal meermale met 'n vreemde aksent en allerlei idiomatiese foute en oortredings van die sisteem. Dit gebeur omdat die spreker se vasgelegde gewoontes in sy primêre taal steurend inwerk op sy gebruik van die sekondêre taal."

Volgens Van der Merwe (1969, p.170) beskik elke taal oor sy eie unieke sisteem. Om twee tale afwisselend te gebruik, impliseer die oorskakeling van een kode na 'n ander. Dit vind dikwels nie volkome plaas nie, wat veroorsaak dat die spreker 'n bepaalde uiting in sy sekondêre taal rig volgens die norme van sy moedertaal. Hierdie versteuring van een sisteem deur 'n ander veroorsaak die versteuring van die sekondêre taal. Dié steurings kom op alle vlakke in die taalsisteem voor, naamlik foneties-fonemies, morfemies, leksikalies, semanties en sintakties.

Volgens Edwards (1985, p.85) lê die belangrikheid van tweetaligheid in pragmatiese linguistiek, kommunikatiewe vermoëns, sosiale mobiliteit en ekonomiese vooruitgang.

Tweetaligheid bly egter onderworpe aan faktore soos nasionalisme, aspirasies van die groep en sosiopolitiese aspekte. Edwards meen verder dat: "Competence in more than one language is required in many, if not most, settings, but the increasing power of supraethnic or ethnically 'neutral' varieties restricts this competence to highly specific situations. Even mothertongue maintenance becomes a matter of group will more than anything else."  
(p.85)

#### 2.4 TAALGESINDHEID

Taalgesindheid is 'n weerspieëling van sosiale gesindhede maar veral die stukrag wat momentum gee aan die lewendinamika in 'n komplekse gemeenskap. Taalgesindheid is verder ook aanwysers ten opsigte van die intergroepsverhoudinge in 'n gemeenskap en die potensiële konflikte wat in die gemeenskap mag voorkom.

Taalgesindheid speel 'n belangrike rol in die gemeenskapslewe. Dit kan die ekonomie, die onderwys en die sosiale aktiwiteite van 'n taalgroep beïnvloed. Indien een taal in status laer gemeet word vergeleke met die ander taal in die gemeenskap, kan gebruikers van die taal uitgesluit word van beroepsgeleenthede. Sosiale mobiliteit word aan bande gelê en hulle kinders ontvang onderrig in die tweede taal wat leersukses kan benadeel.

In 'n studie van De Klerk en Bosch (1992, p.6) word die feit onderstreep dat daar twee soorte positiewe gesindhede bestaan: "an instrumental one, usually conscious and goal-

directed, and a favourable and integrative attitude, which is more emotive". 'n Goeie voorbeeld van 'n instrumentele gesindheid is "the fairly unwilling adoption of English by the Irish because of practical necessity." Die negatiewe gesindheid van die Iere teenoor Engels is die gevolg van hul negatiewe gesindheid teenoor Engeland. 'n Studie wat gedoen is onder Joodse studente in Jerusalem toon dat die studente baie positief ingestel is teenoor Engels. Engels en Hebreeus is vir hulle ewe belangrik "... as a means towards valued goals."

#### 2.4.1 TAAL EN KONFLIK

Konflik kan ontstaan wanneer daar 'n negatiewe gesindheid is teenoor 'n spesifieke taal wat veroorsaak dat 'n bepaalde beleid vasgestel word tot nadeel van daardie taal. 'n Goeie voorbeeld hiervan het in Namibië na onafhanklikheid plaasgevind: Afrikaans is sy status as amptelike taal ontnem en vervang met Engels ten spyte van die feit dat 90% van die bevolking Afrikaans kan praat teenoor slegs 1% Engels. Hierdie taalbeleid van die Namibiese regering het reeds tot konflik gelei ten opsigte van die onderrigmedium in hoërskole. (Webb, in Pütz, 1992, p.433 - 434)

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap huisves die potensiaal vir baie konflik. Redes hiervoor lê in:

- a. die linguistiese en kulturele diversiteit;
- b. die diepliggende verdeeldheid van die bevolking;
- c. die verpolitisering van feitlik alle lewensfasette;
- d. verstedeliking en modernisering; en
- e. onlangse dramatiese politieke veranderings.

Taal word beskou as 'n belangrike verdeler in Suid-Afrika wat sosiale en politieke konflikte inspireer. Die Sowetopstand van 1976 is 'n goeie voorbeeld toe leerlinge geprotesteer het teen die afdwing van Afrikaans as onderrigmedium. Tans is konflik aan die broei rondom die voortbestaan van Afrikaans as 'n amptelike taal. Ook die frekwensie van gebruik op televisie wat in gedrang is, kan 'n vonk in die kruitvat word. (Webb, in Pütz, 1992 p.431)

In RAPPORT van 16 Oktober 1994 het die volgende twee briewe van lesers in die verband verskyn:

1. Die dag toe die Nuwe SAUK besluit het om van ons Eersteklas Afrikaners Tweedeklas Engelse te maak, het hulle 'n Derdeklas-organisasie geword. Wat ons nou nodig het, is 'n eie onafhanklike TV-stasie. Ons het hierdie keer nog ons TV-lisensie betaal uit selfrespek, omdat ons nie roofkykers is nie. As die SAUK selfrespek het, sal hy toesien dat ons 'n lisensie kry vir die oprigting van ons eie stasie. - mev. M. Klopper, Queenswood.
2. Het enigiemand opgemerk dat Goeiemôre Suid-Afrika se kennisie nooit meer in Afrikaans gespeel word nie? Ons het, soos die oorgrote deel van die Karoo, slegs toegang tot TV1, en Radio 2000 se uitsendings is ook nie vir ons beskore nie. Daarom eis ons, as 'n oorwegend Afrikaanse gemeenskap, ten minste gelykberegtiging met Engels op hierdie kanaal. Ek weier om in die toekoms my lisensiegeld te betaal en ek weier ook dat my TV verseël word. Dis my wettige eiendom en ek is van plan om dit na goeie dunnke te gebruik vir my eie vermaak. - C.F. Kotzé, Prins Albert.

#### 2.4.2 KULTURELE VERDRAAGSAAMHEID

Die aanvanklike kloof tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, wat reeds vanaf die vorige eeu dateer, is besig om te verdwyn. Volgens Van der Merwe (1972, p.250 - 251) het die Afrikaner van sy minderwaardigheid teenoor die Engelsman ontslae geraak. Daarteenoor het die Engelsman sy gevoel van meerderwaardigheid teenoor die sterkste blanke groep in die land laat vaar. Webb (in Pütz, 1992, p.443) is dieselfde mening toegedaan: "Research results, however, suggest a weakening of the ethnic divide between Afrikaans and English."

Politieke veranderinge in Suid-Afrika het beide Afrikaans- en Engelssprekendes gedwing om meer verdraagsaam teenoor mekaar te wees. Republiekwording in 1961 was waarskynlik 'n belangrike begin van hierdie proses. Die terroristeoorlog waarby die veiligheidsmagte betrokke was, het die proses verder gestimuleer. Die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in April 1994 en die uiteindelijke uitslag daarvan het waarskynlik die ou politieke groeperinge van die Afrikaners en Engelse totaal verander en die twee taalgroepe polities laat groepeer. Die sogenoemde gevaar wat vir dekades in mekaar gesien is, het moontlik verdwyn.

Die sosiopolitieke, sosiomaatskaplike en sosioekonomiese konvergensie wat oor ten minste die afgelope twintig jaar tussen die twee groepe ontstaan het, het onwillekeurig ook tot kulturele konvergensie gelei. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n nuwe benadering tot mekaar se tale en mekaar se kultuurerfenisse. Die kontak op sosiale vlak voltooi die prentjie sodat die Afrikaans- en Engelssprekende Suid-

Afrikaner beskou kan word as 'n eentalige wese met 'n tweeledige uitdrukkingsmoontlikheid.

#### 2.4.3 TAALVOORKEURE

Dit word algemeen aanvaar dat die keuse van 'n persoon ten opsigte van sosiolinguistiese variante en tale deur daardie persoon se gesindheid teenoor individuele sprekers en groepe bepaal word. Lees hiermee ook saam 'n persoon se persoonlike doelwitte, ideale, sosiale aspirasies en sy kennis van sosiale interaksies. Derhalwe is taalvoorkeure 'n aanduiding van taalgesindheid wat weer 'n invloed het op taalverskuiwing (Webb, in Pütz, 1992, p. 438)

Volgens Edwards (1985, p.50) is taalverskuiwing dikwels die gevolg van "pragmatic desires for social mobility and improved standard of living."

'n RGN-ondersoek in 1974 onder witmense in Suid-Afrika het gevind dat Afrikaanssprekendes 'n groter voorliefde vir Engels gehad het as wat Engelssprekendes vir Afrikaans gehad het. Die beskouing is ook dat Afrikaans meer intens deel is van die Afrikaner se waardesisteem en tradisies as wat die geval is met Engels onder Engelssprekendes. Taalloyaliteit is vir baie Afrikaanssprekendes 'n hoogs emosionele aangeleentheid. Tog wil bogenoemde ondersoek dit hê dat Engels meer waarde dra in wit gemeenskappe as Afrikaans. Daarom die 3,2% taalverskuiwing weg van Afrikaans na Engels. (Webb, in Pütz 1992, p.438, 440)

2.4.4

INTERAFHANKLIKHEID VAN GESINDHEID EN VERMOË

In 'n studie wat in die Oos-Kaap onderneem is deur Bosch en De Klerk (1993) om die gesindheid vas te stel van die inwoners teenoor Afrikaans as een van die drie hooftale van die streek, is gevind dat die respondente 'n voorkeur vir Engels getoon het. As rede word aangevoer dat Engels funksioneel en ekonomies is vanweë die aantrekkingskrag wat Engels het as wêreldtaal. Die positiewe houding teenoor Engels in die Oos-Kaap kan ideologies gemotiveer wees, omdat Engels en Engelssprekendes verteenwoordigend is van 'n sosiale en kulturele identiteit.

Bogenoemde studie het gevind dat 27,5% van die Afrikaanssprekende respondente in staat was om in situasies waar die gesetelde emosies verwoord moes word, 'n ander taal (waarskynlik Engels) as hul moedertaal te gebruik. Die navorsers het verder ook gevind dat dié Afrikaanssprekendes met gemak van Afrikaans na Engels kan oorskakel - 'n aanduiding van 'n goeie taalvermoë. Dit wil dus voorkom dat 'n positiewe gesindheid teenoor 'n taal 'n positiewe invloed het op die vermoë in daardie taal.

2.5

DIE INVLOED VAN ANDERSKLEURIGES OP AFRIKAANS EN ENGELS

Reeds in die sestigerjare het taalkundiges soos Van der Merwe (1972, p.251) die toekomstige invloed van anderskleuriges op Afrikaans en Engels probeer bepaal. Van der Merwe het toe reeds die moontlikheid voorsien dat anderskleuriges by demokratiese politieke aksies as "vrygewordenes" betrokke sal wees en Engels as 'n medium sal voorstaan en dit dan polities-juridies sal wil afdwing.

Tot 'n sekere mate het hierdie voorspelling gerealiseer op 27 April 1994 met die bewindsoorname deur die A.N.C. Die "vrywording" vir anderskleuriges het gekom. Intussen het dit ook duidelik geword dat die regering van Nasionale Eenheid, ten spyte van inheemse tale wat sterk daarin verteenwoordig is, voorkeur aan Engels as kommunikasiemedium gee.

Van der Merwe het ook na die moontlikheid gekyk dat dit in 'n nuwe situasie, soos wat dit tans in Suid-Afrika is, kan wees dat Afrikaans en Engels dit moeilik sou vind om hulle taalpatrone afsonderlik en langs mekaar te behou. Ongeag die mate van wisselwerking tussen Afrikaans en Engels sal die anderskleuriges se bedrewenheid in een of albei die tradisionele wit tale sy invloed op een of ander wyse uitoefen op dié twee tale.

Hoewel die S.A.U.K. as die magtigste kommunikasiemedium voorkeur aan Engels gee, dui die jongste beskikbare taal- syfers daarop dat Engels nie in een van die nege nuwe provinsies die meerderheidstaal is nie:

GAUTENG	Afrikaans	17,5 %
	Engels	13,2 %
	Verskeidenheid swart tale	69,3 %
NATAL	Zoeloe	79,7 %
	Engels	16 %
	Afrikaans	1,9 %
	Ander	2,4 %

OOS-KAAP	Xhosa	82	%
	Afrikaans	9,4	%
	Engels	3,9	%
	Ander	4,7	%
NOORD-TVL	SePedi	56,6	%
	Afrikaans	2,6	%
	Engels	0,4	%
	Ander	40,4	%
NOORDWES	SeTswana	66,8	%
	Afrikaans	12,4	%
	Engels	1,2	%
	Ander	19,6	%
WES-KAAP	Afrikaans	61,8	%
	Engels	20,8	%
	Ander	17,4	%
OOS-TVL	SeSwati	37,7	%
	Afrikaans	11,8	%
	Engels	2,6	%
	Ander	47,9	%
O.V.S.	Sesotho	58,1	%
	Afrikaans	14,1	%
	Engels	1,4	%
	Ander	26,4	%
NOORDKAAP	Afrikaans	71,5	%
	Engels	2,7	%
	Ander	25,8	%

Landswyd is die persentasieverdeling as volg:

Zoeloe		21,96 %
Xhosa		17,03 %
Afrikaans		15,03 %
SePedi	)	
SeTswana	)	8 - 9 % elk
Engels	)	

(RAPPORT VAN 31 JULIE 1994)

\* In ooreenstemming met die 1989-sensus.

Volgens die 1980-sensus het Afrikaans toe reeds 'n voor-  
sprong bo Engels gehad:

	AFRIKAANS	ENGELS
Asiërs	29,58 %	97,07 %
Swartes	29,37 %	26,34 %
Kleurlinge	95,50 %	54,31 %
Blankes	86,04 %	87,19 %
TOTAAL	43,59 %	40,42 %

(Webb in Pütz, 1992, p.436)

Taalkontak tussen die verskillende taalgroepe in Suid-  
Afrika, saamgelees met die statistiek hierbo, veroorsaak  
dat bepaalde taalkragte losgemaak word. Die wisselwerking  
tussen:

Afrikaans en ander swart tale

Engels en ander swart tale

Afrikaans en Engels

het veroorsaak dat Afrikaans vir mense landswyd die belangrikste tweede taal is en nie Engels nie. Engels word egter gerugsteun deur die feit dat dit 'n internasionale taal is en in Suid-Afrika 'n besigheidstaal.

Edwards (1985, p.79) beskou Afrikaans en Engels as die prestigetale komende uit 'n koloniale verskeidenheid. Hy beskou Engels as die taal waarin die inheemse volke meer bedrewe is - moontlik gesien teen die agtergrond van die politieke geskiedenis waarmee Afrikaans verbind word. Tog is hy van mening dat Afrikaans sentraal staan in die praktiese lewe van baie mense.

Webb (in Pütz, 1992, p.437) meen ook dat swartes tevrede is met 'n basiese kennis van Afrikaans (die praktiese nut daarvan) maar dat hulle 'n meer gesofistikeerde kennis van Engels as 'n prioriteit sien. 'n Goeie vermoë in Afrikaans word nie beskou as 'n statussimbool nie. Tussen swartes en Afrikaans is daar 'n groter sosiale en psigologiese afstand as wat die geval met Engels is.

## 2.6 DIE TAALKONTAKSITUASIE IN KANADA

### 2.6.1 BREË OOREENKOMSTE MET SUID-AFRIKA

Die taalsituasie in Suid-Afrika vertoon 'n besondere ooreenkoms met dié van Kanada. In Kanada is daar ook twee dominante tale, naamlik Engels en Frans - die tale van die eerste setlaars en wat vandag beskou word as die "amptelike tale". Die verhouding tussen Engels en Frans is soos in Suid-Afrika met Engels en Afrikaans, maar deel van die groter kompleksiteit en diversiteit van die taalsituasie in Kanada.

Naas die Engels- en Franssprekende bevolking van Kanada is daar soos in Suid-Afrika 'n inheemse bevolking. 'n Wesentlike verskil is dat hierdie inheemse bevolking volgens Downes (1984, p.44) in 1961 slegs 154,000 beloop het, maar dat dit nogtans oor elf verskillende taalfamilies verdeel is. Naas die meeste Europese tale wat ook nog in Kanada gepraat word, is daar ook 'n redelike gebruik van Russies, Chinees en Yslands. Kanada kan met reg bestempel word as 'n land van 'n mosaïek van etniese identiteite sonder dat die herkoms van mense in die konglomeraat van tale verdwyn.

Die eintlike kwessie in Kanada is geleë in die druk wat ervaar word ten opsigte van kulturele assimilasië. Bykans alle Kanadese kan òf Engels òf Frans praat, ongeag hul herkoms. In Suid-Afrika het ons 'n soortgelyke situasie ten opsigte van die inwoners se vermoë om òf Afrikaans òf Engels naas hul moedertaal te kan praat.

#### 2.6.2 ENGELSE OORHEERSING VAN FRANS

Van 1931 was daar 'n betekenisvolle taalverskuiwing van Frans na Engels in Kanada behalwe in die provinsie Quebec - 'n oorwegend Franssprekende gebied. In 1971 was daar 1,5 miljoen inwoners van Franse herkoms wat buite Quebec gewoon het. Hierdie taalgemeenskappe is sterk deur Engels beïnvloed ten opsigte van assimilasië en was daar 'n sterk afname by mense van Franse herkoms ten opsigte van Frans as hul moedertaal.

Hoewel Engelssprekendes die minderheid in Quebec vorm, is daar min van hulle wat tweetalig is, terwyl die persentasie Franssprekendes wat tweetalig is baie hoog is. Buite Quebec, waar die Engelssprekendes in die meerderheid is, is die mate van tweetaligheid onder die Engelse besonder laag en onder die Franse besonder hoog.

Die interessantheid van die tweetaligheid in Kanada lê daarin dat tweetaligheid eintlik net van toepassing is op een deel van die bevolking, naamlik die Franse. Downes (1984, p.44) som dié situasie as volg op: "It is clear that bilingualism in Canada is asymmetrical and is generated primarily in those of French mother tongue."

Die taalkontak tussen Engels en Frans het dus slegs 'n eensydige uitwerking gehad. Van die belangrikste redes hiervoor lê gesetel in die ekonomiese strukture van Kanada waarin Engels in die bevoorregte posisie geplaas is. Van Franse is verwag om tweetalig te wees maar nie van Engelse nie.

### 2.6.3 TAALWETGEWING

Sedert 1960 het die provinsiale regering van Quebec met daadwerklike aksies begin om Frans te promoveer en te beskerm. Taalwette van 1974 en 1977 het gesorg dat Frans die enigste amptelike taal van Quebec geword het vir ge-

bruik in die nasionale vergadering, howe, staatsdiens en handel en nywerheid. Die "Official Languages Act" van 1969 en die "Constitution Act" van 1982 het die situasie van Frans in die hele Kanada begin beredder. Spesifieke taalwetgewing het die uitsluitlike bevoorregting van Engels teenoor Frans gestop en daarmee ook die geweldige taalverskuiwing vanaf Frans na Engels soos wat dit was vanaf die dertigerjare tot die middel sestigs. (Downes, 1984, p. 39 - 53)

Die Kanadese voorbeeld is 'n aanduiding dat daar 'n korrelasie bestaan tussen taalkontak, tweetaligheid, taalverskuiwing en wetgewing wat die status en posisie van 'n taal beïnvloed. Taalkontak veroorsaak taalwetgewing. Hierdie wetgewing is gewoonlik gefundeer vanuit 'n bepaalde politieke oogpunt. Enersyds word wetgewing deur die sterkste politieke (taal-) groep daargestel om sy spesifieke taal te bevoordeel. Andersyds kan wetgewing so opgestel word dat kleiner taalgroepe beskerm word.

## 2.7 SAMEVATTING

Die verpolitiserings van tale in 'n land kan ernstige en verreikende gevolge hê. Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld van 'n land waar die verskeidenheid tale deel van die politieke arena geword het. Afrikaans en Engels was vir dekades deur wetgewing in bevoorregte posisies gehou.

Die koms van 'n nuwe regering kan 'n nuwe taalbeleid die lig laat sien wat een taalkonfliksituasie maar net met 'n ander sal vervang. Die oplossing lê in die statutêre erkenning van alle tale en die erkenning van die basiese taalregte van die individu en die taalgroep waaraan hy behoort. Taalharmonie sal grondwetlik gereël moet word. Dit bly egter 'n uiters moeilike saak om taalmanipulasie en taaldiskriminasie totaal te verhoed. (Webb, in Pütz. 1992, p. 452)

Wanneer tale en taalgroepe op 'n natuurlike wyse met mekaar in kontak kom, vind die wedersydse beïnvloeding van die tale op 'n rustige en konfliklose wyse plaas.

Taalkonflik ontstaan wanneer:

- \* een taalgroep dominant is of dominant wil word ten koste van die ander taalgroep,
- \* die minderheidsgroep bedreig voel deur die meerderheidsgroep,
- \* doelbewuste diskriminasie van een taalgroep teenoor 'n ander,
- \* taalwetgewing so opgestel word dat een of meer taalgroepe in 'n dispoisiesie geplaas word,
- \* politieke denkrigtings aan 'n bepaalde taalgroep gekoppel word.

Taal as kultuur is dus 'n sensitiewe barometer vir dit wat met en om 'n spesifieke kultuurgroep gebeur. 'n Land met 'm multikulturele samelewing soos Suid-Afrika, sal dus meer blootgestel wees aan kontak, beïnvloeding, verskuiwing, integrering en konflik op taal- en kulturele vlak as 'n land soos bv. Frankryk. Nie-linguistiese faktore soos bv.:

- \* die sterkte van ekonomiese aktiwiteite
- \* natuurlike migrasie van mense
- \* verhouding met buurstate
- \* bevolkingsamestelling
- \* integrasie op arbeids- en beroepsvlakke
- \* die mate waartoe elke individu aan sy basiese behoeftes en ideale voorsien
- \* die rol van die wetgewer
- \* binnelandse stabiliteit
- \* natuurlike hulpbronne

speel almal 'n rol ten opsigte van die mate van verdraagsaamheid wat heers tussen die verskillende kultuurgroepe. Hierdie verdraagsaamheid beïnvloed weer die gesindheid tussen taalgroepe wat oor 'n wye spektrum met mekaar in kontak kom.

Die doel met die empiriese ondersoek is juis om vas te stel in watter mate taalkontak tussen Afrikaans- en Engelssprekendes op laerskoolvlak die gesindheid van die Engelspre-

kendes teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes beïnvloed het. Daar word verder beoog om die verband tussen die gesindheid en die taalvermoë van die betrokke proefpersone te ondersoek.

### HOOFSTUK DRIE

#### 3. EMPIRIESE ONDERSOEK

##### 3.1 INLEIDING

Die groter wordende tendens van Engelssprekende ouers in die Laeveld om hul kinders na Afrikaanse hoërskole te stuur, het vrae laat ontstaan ten opsigte van 'n waarskynlike gesindheidsverandering teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes. Die feit dat Model C-skole per wetgewing daartoe gemagtig is om taalvermoë as 'n toelatingsvereiste te stel, het veroorsaak dat die skole sterk ingestel is op die taalvermoë van nie-Afrikaanssprekende aansoekers.

Die aspekte GESINDHEID enersyds en VERMOË andersyds en die moontlike verband tussen die twee het dus nou in so 'n mate belangrik geword ten opsigte van die toelating van Engelssprekendes tot Afrikaans hoërskole, dat 'n empiriese ondersoek daarvan inligting kan oplewer wat effektief deur skole gebruik kan word in die bepaling van hul toelatingsbeleid.

Om inligting te verkry rakende bogenoemde twee aspekte gaan

- a. 'n gesindheidsvraelys gebruik word om die gesindheid teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes van die proefpersone vas te stel, en
- b. die taalvermoë van die proefpersone deur middel van 'n prestasietoets vasgestel word.

Daarna sal die resultate met mekaar vergelyk word om vas te stel in watter mate daar 'n verband bestaan tussen taalkontak (of die gebrek daaraan) en gesindheid.

### 3.2 ONTWERP

'n Tweegroepontwerp is gebruik.

### 3.3 ONDERSOEKPOPULASIE

Vier laerskole in die huidige T.O.D.-komprehensiewe eenheid bekend as die Laeveld is gekies vir doeleindes van hierdie navorsing:

#### GROEP A:

Een laerskool met slegs Engels as onderrigmedium.

Totale leerlinginskrywing	750
---------------------------	-----

Aantal st. 5-leerlinge	112
------------------------	-----

#### GROEP B

Drie laerskole met beide Afrikaans en Engels as onderrigmedium.

SKOOL 1

Totale hoeveelheid Afrikaanssprekende leerlinge	707
Totale hoeveelheid Engelssprekende leerlinge	182
Aantal Afrikaanse st. 5-leerlinge	101
Aantal Engelse st. 5-leerlinge	21

SKOOL 2

Totale hoeveelheid Afrikaanssprekende leerlinge	659
Totale hoeveelheid Engelssprekende leerlinge	153
Aantal Afrikaanse st. 5-leerlinge	83
Aantal Engelse st. 5-leerlinge	23

SKOOL 3

Totale hoeveelheid Afrikaanssprekende leerlinge	335
Totale hoeveelheid Engelssprekende leerlinge	86
Aantal Afrikaanse st. 5-leerlinge	26
Aantal Engelse st. 5-leerlinge	11

Op 'n sistematiese wyse is elke vierde Engelssprekende st. 5-leerlinge op 'n alfabetiese lys van elkeen van bo-genoemde laerskole geselekteer, ongeag geslag of ras. Op hierdie wyse is 25 leerlinge uit Groep A en 15 leerlinge uit Groep B gekies om aan die navorsingsprojek deel te neem. Hierdie groepe word verderaan ook Groep A en Groep B genoem.

### 3.4 MEETINSTRUMENTE (VRAELYPSTE)

- a. Gesindheidsvraelys: 'n Vraelys bestaande uit 20 vrae opgestel deur die ondersoeker en geverifieer deur die Onderwysnavorsingsburo van die T.O.D. Hierdie vraelys probeer die gesindheid van die proefpersone jeens Afrikaans en Afrikaanssprekendes bepaal.
  
- b. Die Gestandaardiseerde Prestasietoets in Afrikaans Eerste Taal vir St. 6 soos opgestel deur die R.G.N. Hierdie prestasietoets meet die taalvermoë van 'n leerling in Afrikaans gemeet teen die vereistes van die St. 6-kernsillabus. Dié toets is ook deur die Onderwysnavorsingsburo aanbeveel vir gebruik in hierdie studie.

### 3.5 MEETPROSEDURE

Toestemming is skriftelik van die Onderwysnavorsingsburo van die T.O.D. verkry om die betrokke laerskole en leerlinge te mag betrek by hierdie ondersoek. Die toestemming van die betrokke laerskole is ook verkry.

Die betrokke leerlinge het die vraelyste voltooi op onderskeidelik 8 en 9 September 1994 by hul eie skole in lokale wat deur die hoofde beskikbaar gestel is.

### 3.6 RESULTATE

Die resultate van die ondersoek sal in tabelvorm gegee word. Direk na elke tabel volg die interpretasie daarvan.

#### 3.6.1 STATISTIESE VERWERKING

Die resultate van die ondersoek word hierna gegee. In Tabel 1 verskyn die resultate van die Gesindheidsvraelys en in Tabel 2 die resultate van die Prestasietoets. Hierdie tabelle bevat die aantal kere wat die proefpersone 'n bepaalde antwoord gemerk het. Die gegewens word ook aangedui in persentasiepunte omgewerk. Daar is 'n Chi-kwadraat- sowel as 'n p-waarde vir elke vraag bereken deur van die StatXact-pakket gebruik te maak. Vir die doeleindes van die ondersoek word slegs die p-waarde (wat op die Chi-kwadraat-waarde gegrond is) in ag geneem. Dit is gebruikelik dat slegs waardes wat op of onder die 5%-vlak lê as statisties betekenisvol gereken word. Dit beteken dat alle p-waardes gelyk aan of kleiner as 0,05 as betekenisvol geneem word. Indien p byvoorbeeld 0,03 is, beteken dit dat die kans slegs 3% is dat die resultate van die betrokke vraag aan ander faktore as dit wat in die vraag verreken is, toegeskryf kan word. Die antwoorde sal waar moontlik en van toepassing in hierdie lig geïnterpreteer word.

3.6.1.1 GESINDHEIDVRAELYS

TABEL 1

**QUESTIONNAIRE TESTING ATTITUDES**

Answer the following twenty questions by simply marking X in the square of your choice.

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B
1. Which language(s) do you speak at home?		
1.1 English	84% (21)	66,7% (10)
1.2 Afrikaans and English	16% (4)	33,3% (5)
1.3 Afrikaans	0% (0)	0% (0)
2. Do you agree that Afrikaans should be one of the official languages in South Africa?		
2.1 Yes	52% (13)	93,3% (14)
2.2 No	48% (12)	6,7% (1)

$X^2 = 7,8$

$p = 0,000$

$X^2 = 42,64$

$p = 0,0000$

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B
3. Do you think it is important for you to be able to speak Afrikaans well?		
3.1 Yes	60% (15)	93,3% (14)
3.2 No	40% (10)	6,7% (1)
4. Do you think Afrikaans will continue to exist as a language in South Africa?		
4.1 Yes	32% (8)	20% (4)
4.2 No	24% (6)	6,7% (1)
4.3 Perhaps	44% (11)	73,3% (10)
5. Do you watch Afrikaans programmes on T.V.?		
5.1 Frequently	28% (7)	46,7% (7)
5.2 Seldom	36% (9)	53,3% (8)
5.3 Never	36% (9)	0% (0)

$X^2 = 32,64$

$p = 0,0000$

$X^2 = 20,75$

$p = 0,0000$

$X^2 = 44,06$

$p = 0,0000$

R E S U L T S

		GROUP A	GROUP B
6.	Do you listen to Afrikaans music broadcasts on the radio?		
6.1	Frequently	4% (1)	20% (3)
6.2	Seldom	32% (8)	60% (9)
6.3	Never	64% (16)	20% (3)
7.	Would you read Afrikaans stories or articles by own choice?		
7.1	Frequently	24% (6)	53,3% (8)
7.2	Seldom	36% (9)	40% (6)
7.3	Never	40% (10)	6,7% (1)
8.	Would you enrole at a university, technicon or college where all lectures are presented in Afrikaans only?		
8.1	Yes	4% (1)	6,7%
8.2	No	72% (18)	53,3% (8)
8.3	Perhaps	24% (6)	40% (6)

$\chi^2 = 42,24$   
 $p = 0,0000$

$\chi^2 = 34,3$   
 $p = 0,0000$

$\chi^2 = 7,7$   
 $p = 0,02$

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B
9. If somebody starts speaking Afrikaans to you, would you		
9.1 Respond in Afrikaans	56% (14)	73,3% (11)
9.2 Respond in English	28% (7)	26,7% (4)
9.3 Ignore the person	16% (4)	0% (0)
10. If, during break, you approach a group of pupils who speak Afrikaans, would you:		
10.1 Join them and converse in Afrikaans?	52% (13)	73,3% (11)
10.2 Join them and converse in English?	28% (7)	6,7% (1)
10.3 Walk by and find friends who speak English?	20% (5)	20% (3)
11. Do you have any Afrikaans speaking friends?		
11.1 Yes	80% (20)	93,3% (14)
11.2 No	20% (5)	6,7%

$\chi^2 = 18,26$

$p = ,0001$

$\chi^2 = 14,77$

$p = 0,0006$

$\chi^2 = 7,23$

$p = 0,003$

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B	
12. If you answered "yes" in question 11, do you get on better with your Afrikaans speaking friends than with your English speaking friends?			
12.1 Yes	28% (7)	40% (6)	$\chi^2 = 3,20$
12.2 No	72% (18)	60% (9)	$p = 0,036$
13. Would you date an Afrikaans speaking boy/girl?			
13.1 Yes	60% (15)	86,7% (13)	$\chi^2 = 18,71$
13.2 No	40% (10)	13,3% (2)	$p = 0,0000$
14. Do you think Afrikaans and English speakers are alike?			
14.1 Yes	44% (11)	73,3% (11)	$\chi^2 = 18,16$
14.2 No	56% (14)	26,7% (4)	$p = 0,0000$
15. The habits of Afrikaans and English speakers differ:			
15.1 Tremendously	28% (7)	33,3% (5)	$\chi^2 = 0,58$
15.2 Little	72% (18)	66,7% (10)	$p = 0,44$

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B	
16. If the nearest English secondary school were 200 km away, would you attend an Afrikaans secondary school situated only 5 km from your home?			
16.1 Yes	48% (12)	33,3% (5)	$\chi^2 = 3,09$
16.2 No	52% (13)	60% (9)	$p = 0,07$
17. Is Afrikaans a difficult language to master?			
17.1 Yes	52% (13)	20% (3)	$\chi^2 = 22,22$
17.2 No	48% (12)	80% (12)	$p = 0,0000$
18. Would you like to improve your ability to converse in Afrikaans?			
18.1 Yes	72% (18)	100% (15)	$\chi^2 = 32,56$
18.2 No	28% (7)	0% (0)	$p = 0,0000$

R E S U L T S

	GROUP A	GROUP B
19. How do you feel about the Afrikaans period in your school time table?		
19.1 It is enjoyable	24% (6)	73,3% (11)
19.2 It is all right	36% (9)	26,7% (4)
19.3 I hate it	40% (10)	0% (0)
20. Afrikaans speaking people in the town where you live are:		
20.1 Pleasant people	8% (2)	53,3% (8)
20.2 Just the same as other people	60% (15)	46,7% (7)
20.3 Unpleasant people	32% (8)	0% (0)

$X^2 = 66,04$

$p = 0,0000$

$X^2 = 66,78$

$p = 0,0000$

Dit is duidelik dat daar 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die twee ondersoekgroepe ten opsigte van al die vrae van die Gesindheidsvraelys bestaan. Indien hierdie antwoorde persentasiegewys van naderby geanaliseer word, blyk die volgende:

Vrae 2 - 10 en 16 - 19 het betrekking op Afrikaans as taal. Die alternatiewe antwoorde wat baie positief gerig is op Afrikaans is 2.1, 3.1, 4.1, 5.1, 6.1, 7.1, 8.1, 9.1, 10.1, 16.1, 17.2, 18.1 en 19.1

Die respons van beide groepe as 'n gemiddelde persentasie is as volg:

Groep A: 38,77% positief teenoor Afrikaans

Groep B: 58,96% positief teenoor Afrikaans

Bogenoemde resultaat blyk in ooreenstemming te wees met Hipotese B: Die gesindheid van Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n dubbelmedium laerskool teenoor Afrikaans is beter as die van leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool.

Alternatiewe antwoorde wat as uiters negatief beskou word, is 2.2, 3.2, 4.2, 5.3, 6.3, 7.3, 8.2, 9.3, 10.3, 16.2, 17.1, 18.2 en 19.3. Die respons van beide groepe as 'n gemiddelde persentasie is as volg:

Groep A: 40,31% negatief teenoor Afrikaans

Groep B: 15,39% negatief teenoor Afrikaans

Ook bogenoemde resultate blyk in ooreenstemming te wees met Hipotese B.

Vrae 11 - 15 en 20 het betrekking op Afrikaanssprekendes. Die alternatiewe antwoorde wat baie positief gerig is op Afrikaanssprekendes is 11.1, 12.1, 13.1, 14.1, 15.2 en 20.1. Die respons van beide groepe as 'n gemiddelde persentasie is as volg:

Groep A: 52,67% positief teenoor Afrikaanssprekendes

Groep B: 68,88% positief teenoor Afrikaanssprekendes

Alternatiewe antwoorde wat as uiters negatief beskou word, is 11.2, 12.2, 13.2, 14.2, 15.1 en 20.3. Die respons van beide groepe as 'n gemiddelde persentasie is as volg:

Groep A: 41,33% negatief teenoor Afrikaanssprekendes

Groep B: 21,10% negatief teenoor Afrikaanssprekendes

Bogenoemde resultate korreleer met die voorafgaande resultate.

Saamgevat as 'n gemiddelde persentasie bereken oor vrae 2 - 20:

Groep A: 43,16% positief

Groep B: 62,09% positief

Groep A: 40,63% negatief

Groep B: 17,90% negatief

Uit die resultate van die Gesindheidsvraelys kan dit moontlik toegeskryf word dat die groter taalkontak wat die B-groep leerlinge met Afrikaans en sy gebruikers het, hulle moontlik meer positief ingestem het teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes. Die A-groep leerlinge, daarenteen, met hul minder kontakgeleenthede, is beduidend minder positief. Die resultate van veral vraag 2 en 3 is betekenisvol ten opsigte van die gesindheid teenoor die taal. Die opvatting wat in die literatuuroorsig gestel is, word hierdeur geondersteun.

Vraag 16 het 'n resultaat gelewer wat nie in lyn is met die res van die vrae nie. 'n Moontlike verklaring daarvoor is 'n finansiële oorweging: meer leerlinge uit B se ouers is finansiëel sterk genoeg om die groter koste verbonde aan 'n ver skool te kan dra as wat die geval is met Groep A-leerlinge.

As daar suiwer net na die Groep B-leerlinge se resultate gekyk word, blyk dit dat hul gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes ietwat beter is as hul gesindheid teenoor Afrikaans as taal. Tog is daar 'n duidelike korrelasie tussen hulle gesindheid teenoor die taal en hul gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes. Hierdie tweeledige gesindheid word deur De Klerk en Bosch (1992, p.6) beskryf as "...a favourable and integrative attitude, which is more emotive".

Noudat die resultate getoon het dat die Groep B-leerlinge se gesindheid beter is as die van Groep A, gaan met die Prestasietoets (Aanhangsel A) gepoog word om te bepaal of die Groep B-leerlinge se taalvermoë beter is as dié van Groep A. Daar gaan verder ook gekyk word of 'n beter gesindheid teenoor Afrikaans en sy gebruikers moontlik kan lei tot 'n beter taalvermoë.

### 3.6.1.2 DIE GESTANDAARDISERDE PRESTASIE TOETS IN AFRIKAANS EERSTE TAAL VIR ST. 6

Hierdie prestasietoets, opgestel deur die R.G.N., bestaan uit twee afdelings.

Afdeling A: Taalleer (39 punte)

Afdeling B: Stillees (21 punte)

TOTAAL: 60 punte.

Die resultate van groepe A en B is as volg:

TABEL 2

	AFDELING A	AFDELING B	TOTAAL
GROEP A	25,1 %	22,3 %	24,1 %
GROEP B	36,7 %	39,0 %	37,5 %

Bogenoemde verskil is nie betekenisvol nie. ( $p = 0,13$ ).

Indien hierdie resultate egter persentasiegewys van naderby geanaliseer word, blyk die volgende tendens:

Vir st. 5-leerlinge wat hoofsaaklik vanuit 'n Engelse agtergrond hierdie prestasietoets in Afrikaans Eerste Taal afgelê het, is die moeilikheidsgraad van die toets besonder hoog. (84% van Groep A en 66,7% van Groep B se huistaal is slegs Engels). Hierdie toets is egter die toelatings-toets wat deur talle Afrikaanse hoërskole gebruik is vir die toelating van nie-Afrikaanssprekendes tot st. 6

Uit die toetsresultate blyk die volgende:

- a. Groep B se basiese kennis van die Afrikaanse Taalleer is 11,6 persentasiepunte beter as dié van Groep A.

Die hipotese dat Groep B se vermoë hier beter sou wees as die van Groep A, word dus nie statisties ondersteun nie, maar die tendens blyk dat dit tog wel beter is.

- b. Groep B se stilleesvermoë is 16,70 persentasiepunte beter as dié van Groep A. Die hipotese dat Groep B se vermoë in hierdie afdeling beter sou wees as die van Groep A, word dus ook nie statisties ondersteun nie, maar weer eens is die tendens dat Groep B s'n tog wel beter is. Vergelyk hier die resultate van vrae 5.1 en 7.7 van die Gesindheidsvraelys:

Vraag 5.1: 46,7% van die respondente uit Groep B kyk gereeld na Afrikaanse T.V.-programme teenoor 28% van Groep A.

Vraag 7.1: 53,3% van die respondente uit Groep B lees gereeld uit eie keuse Afrikaanse artikels en verhale teenoor 24% van Groep A.

Daar is 'n duidelike algemene korrelasie tussen die stilleesvermoë van die twee groepe en hulle gesindheid teenoor die vrywillige blootstelling aan Afrikaans. Die verskil tussen die twee groepe is egter nie statisties beduidend nie. ( $p = 0,21$ )

c. Die slaagvereiste om Afrikaans Eerste Taal in st. 6 op die Gewone Graad te slaag, is 40%. As 40% dus as 'n slaagvereiste in hierdie prestasietoets gestel sou word, is die resultaat as volg:

Groep A: 8% slaag

Groep B: 53% slaag

d. Wat die totaal van die toets betref, het Groep B 13,4 persentasiepunte beter gevaar as Groep A.

**SAAMGEVAT:**

Die resultate van die Prestasietoets ondersteun op grond van gewone beskrywende statistiek die hipotese dat die vermoë in Afrikaans van Engelssprekende st. 5-leerlinge in 'n dubbelmedium laerskool beter is as dié van leerlinge in 'n suiwer Engelse laerskool.

Wat die derde hipotese betref, naamlik dat 'n beter gesindheid teenoor Afrikaanssprekendes saamgaan met 'n

beter gesindheid teenoor en taalvermoë in Afrikaans die volgende:

Dié resultate toon dat Groep B se gesindheid teenoor Afrikaans en Afrikaanssprekendes beduidend beter is as dié van Groep A. Groep B se taalvermoë is ook duidelik beter as die van Groep A. Dit dui op 'n ondersteuning vir dié hipotese. 'n Goeie gesindheid teenoor die taal en sy gebruikers gaan gepaard met 'n beter taalvermoë. Die feit dat die Groep A-leerlinge baie minder blootstelling het aan Afrikaans, veroorsaak waarskynlik dat hulle minder motivering het tot die verwerwing van 'n beter taalvermoë. De Klerk en Bosch (1992, p.27) gee in die verband 'n raak opsomming as gesê word "...second language learning needs positive motivation."

### 3.7 INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKING

Die volgende gevolgtrekkings kan op grond van bogenoemde resultate gemaak word:

- \* Die blootstelling wat Groep B-leerling het ten opsigte van Afrikaans en mense wat Afrikaans praat - taalkontak dus - het waarskynlik 'n positiewe bydrae gelewer ten opsigte van hul gesindheid teenoor en vermoë in Afrikaans. Die omgekeerde is egter weer waar van Groep A-leerlinge wie se taalkontak met Afrikaans baie meer beperk is.

Die geografiese gesitueerdheid van die ouerhuise van die leerlinge wat die Groep B-skole besoek, is van so 'n aard dat dit vir hulle baie meer prakties is om dié skole te besoek. Hierdie ondersoek is geloods onder leerlinge van plattelandse skole wat ver van mekaar geleë is. Die suiwer Engelse laerskool beskik ook nie oor koshuisfasiliteite nie. Ouers van laerskoolkinders stuur hulle kinders in 'n oorweldigende mate na die laerskool naaste aan die huis en nie soseer omdat hulle en/of hul kinders 'n goeie taalvermoë in of gesindheid teenoor Afrikaans het nie. Die taalkontak moes noodwendig 'n rol hier gespeel het om gesindheid en vermoë te verbeter. Lees ook hiermee saam die feit dat die hoeveelheid Afrikaanssprekende leerlinge in die B-Groep skole baie meer is as die hoeveelheid Engelssprekende leerlinge.

- \* Die taalvermoë in Afrikaans van die leerlinge in Groep B het geblyk beter te wees as dié van Groep A. Gebrek aan taalkontak beperk dus nie net die vermoë in die taal waarmee kontak gemaak word nie, maar beïnvloed waarskynlik ook die gesindheid van mense negatief. 'n Kwessie van onbekend onbemind?
  
- \* Groep B-leerlinge is nie noodwendig meer geneig om toelating tot Afrikaans hoërskole te verkry as Groep A-leerlinge nie. Wat wel uit die navorsing blyk, is dat Groep B-leerlinge beter voorbereid is - sosiaal en taalgewys - om 'n suiwer Afrikaanse skoolmilieu te betree. Vergelyk hier die meer positiewe antwoorde van die Groep B-leerlinge by veral vrae 9 - 11, 17 - 18.

\* Die onderrigmedium in skole is tans sterk onder bespreking. Lees daarmee saam die prominensie wat die onderwys geniet binne die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. Die sogenoemde "establishment schools", dit wil sê skole wat deel was van byvoorbeeld die ou T.O.D.-strukture (die T.O.D. bly nog net in plek tot 31 Desember 1995) het twee belangrike aspekte om met mekaar te versoen:

- a. Enersyds wil hierdie skole graag hul eie unieke karakter, identiteit, kultuur en taal in nuwe staatkundige bestel en onderwysstelsel behou.
- b. Andersyds word van hierdie skole verwag om daadwerklike en effektiewe bydraes te lewer in die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram.

Die meeste skole het hul reeds tot hulp verbind en is besig met bepaalde aksies. Anderskleurige gemeenskappe het 'n groot behoefte aan kwaliteit onderwys. Waar dit prakties moontlik is, poog hierdie ouers om toelating vir hul kinders in die staatsondersteunde skole te kry. 'n Groot voorkeur word aan skole met Engels as onderrigmedium gegee. Byvoorbeeld, 'n suiwer Engelse laerskool in die Laeveld het reeds oor die 8 000 aansoekers vir 1995 ontvang. Laerskole met beide Afrikaans en Engels as voertale (maar dominant Afrikaans) se aansoekers plat af tot 'n paar honderd en suiwer Afrikaanse laerskole in die Laeveld se anderskleurige aansoekers is tans nog tot tientalle beperk.

Die onderrigmedium in skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding is Engels. Dit is in 'n groot mate ook die geval in die verskillende onderwysdepartemente van die ou nasionale state. Wat Afrikaanse hoërskole in die Laeveld spesifiek aanbetref, het hierdie navorsingsprojek getoon dat waar daar 'n gebrek aan taalkontak op 'n hoë taalkundige vlak is, die taalvermoë in Afrikaans van daardie leerlinge swak is. Die akademiese vordering van so 'n leerling op hoërskoolvlak sal hierdeur ernstig gerem word. Uit hoofde van die toetsresultate is dit nie wenslik dat leerlinge vanuit laerskole met slegs Engels as medium na Afrikaanse hoërskole toe beweeg nie.

'n Kernvraag is egter of die Wetgewer in die toekoms, hetsy op nasionale of provinsiale vlak, druk op Afrikaanse staatsondersteunde skole gaan plaas om een van die volgende opsies te moet uitoefen:

- . Afrikaans as onderrigmedium met Engels te vervang;
- . Engels as 'n tweede onderrigmedium in te stel;
- . Die swart taal van die streek naas Afrikaans en Engels as onderrigmedium in te stel.

Ongeag watter opsie gekies sou word, sou die doelwit daarvan wees om die kwaliteit onderwys wat tans by staatsondersteunde skole aangebied word, meer toeganklik in terme van taal vir die sogenaamde "agtergeblewenes" te maak.

De Klerk en Bosch (1992, p.4) lig egter 'n belangrike aspek uit waarvan die Wetgewer met groot nut kan kennis neem:

"... language attitudes are a central element in language

policy, use and learning. At a time when policy-makers in South Africa stand on the brink of important linguistic policy decisions, insight into a society's attitudes and stereotypes is important for determining what types of intervention, if any, would be most effective."

Die taalkontak wat dus op so 'n heterogene taalsamestelling gebaseer is, indien dit sou realiseer, sal insiggewende navorsingsmateriaal oplewer.

### 3.8 AANBEVELINGS

Hierdie studie toon dat taalkontak na alle waarskynlikheid 'n positiewe gevolg gehad het ten opsigte van die verwerwing van 'n beter taalvermoë en taalgesindheid onder die B-groep leerlinge van die betrokke ondersoekgroep. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die twee taalgroepe wat hier ter sprake is - Afrikaners en Engelse - kultureel nie meer so ver verwyderd van mekaar staan soos enkele dekades gelede nie. Hierdie "nader beweeg aan mekaar" was nie die gevolg van 'n wetlike regulering daarvan nie maar die waarskynlike gevolg van omstandighede enersyds en 'n natuurlike assimilasië andersyds. Die aanvaarding van mekaar se kultuur het al hoe meer na die oppervlak gekom.

Die stigting en bou van skole onder jurisdiksie van die T.O.D. in 'n bepaalde gebied en die strukturering van bestaande en nuwe skole as Afrikaansmedium, Engelsmedium of beide is in die verlede gehanteer deur die Plaaslike Beplanningskomitee van 'n bepaalde skoolraad. Hierdie PBK het gewoonlik gereageer op die versoek en insette van die

betrokke gemeenskap wat 'n bepaalde onderwysbehoefte ervaar het. Eers dan het die owerheid op aanbeveling van die PBK betrokke geraak en met die beskikbare fondse die behoefte probeer tegemoet kom.

Die nuwe Grondwet van die R.S.A. (Staatskoerant van 28 Januarie 1994, p.19) bepaal in Artikel 32 die volgende:

"Elke persoon het die reg -

- a. op basiese onderwys en op gelyke toegang tot onderwysinstellings;
- b. op onderrig in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is; en
- c. om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie."

Die implikasie van bogenoemde is onder andere die volgende:

- a. Die gemeenskaplike taal en kultuur van 'n skoolgemeenskap kan nie sonder meer deur 'n individuele aansoeker gedwing word tot 'n multikulturele multitalige samestelling nie.

- b. Die begrip "redelikerwys uitvoerbaar" verwys ook na die praktiese implementering van nie net dubbelmedium onderrig nie maar ook na multimediuimonderrig. Aspekte soos getalle van die verskillende taalgroepe, personeeltoewysing, personeel se vermoë om in 'n tweede of derde taal effektief onderrig te gee, beskikbare akkommodasie en die werkbaarheid van 'n skoolrooster is van kardinale belang.

Taalkontak stimuleer taalvermoë en kan oor die kort- en mediumtermyn bereik word. Kultuurkontak sal eers oor die langtermyn kultuurassimilasie tot gevolg hê. Die vermoë in 'n tweede of derde taal is een van die mediums waardeur kultuurkontak bewerkstellig kan word.

Uit hoofde van die voorafgaande bespreking die volgende aanbevelings:

1. 'n Swart taal (die van die streek) moet as 'n verpligte eksamenvak in die kurrikulum van St. 2 tot 7 opgeneem word met 'n periodetoekenning van drie per week in skole waar die moedertaal van die meerderheid leerlinge Afrikaans en Engels is. Tans is dit 'n nie-eksamenvak met 'n enkele periode per week.
2. Afrikaans en Engels moet hul huidige status in die kurrikulum behou in skole waar die moedertaal van die meerderheid leerlinge Afrikaans of Engels is.

3. Afrikaans en Engels moet as verpligte eksamenvakke in die kurrikulum van St. 2 tot 7 opgeneem word met 'n periodetoekenning van drie per week in skole waar die moedertaal van die meerderheid leerlinge 'n swart taal is.
4. Die status van die swart moedertaal in die kurrikulum van so 'n betrokke skool moet behoue bly.
5. Die regering van die dag moet nie per wetgewing die assimilasië van taal- en kultuurgroepe reguleer deur multikulturele samestellings in skoolgemeenskappe af te dwing nie maar eerder die ruimte en geleentheid te skep vir die natuurlikheid daarvan.

Ten slotte: Die resultate van hierdie ondersoek sal waarskynlik nie geldig wees vir ALLE streke in Suid Afrika nie. Daarvoor is die bevolkingsamestelling en verspreiding van mense net te kompleks. Tog is daar baie streke, soos byvoorbeeld die platteland van Oos-Transvaal, Noord-Transvaal, Noordwes, Oranje Vrystaat en Noord-Kaap, wat nie veel van die Laeveld gaan verskil nie. Hierdie ondersoek se resultate gaan dus waarskynlik ook geldig wees vir ander streke.

\* \* \* \* \*

**BRONNELYS**

BOSCH, B. EN DE KLERK, V. 1993. Afrikaanssprekende Oos-Kapenaars: 'n Bedreigde spesie? Universiteit Rhodes.

BOTHA, T.J.R. (Red.) 1983. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.

DE KLERK, V. AND BOSCH B. 1992 Language Attitudes in the Eastern Cape: A Tri-lingual Survey. Rhodes University.

DOWNES, W. 1984. Language and Society. London: Fontana Paperbooks.

DU PLESSIS, H. 1987. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva Uitgewers.

EDWARDS, J. 1985. Language, Society and Identity. New York: Basil Blackwell Inc.

FASOLD, R. 1990. The Sociolinguistics of Language. Oxford: Basil Blackwell Inc.

GUMPERZ, J.J. & HYMES, D. (Ed.) 1972. Directions in Sociolinguistics. New York: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Handleiding vir Staatsondersteunde (Model C-) skole.

PÜTZ, M. (Ed.) 1992. Thirty Years of Linguistic Evolution. Philadelphia/Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

RAPPORT van 31 Julie 1994 (p.2)

RAPPORT van 16 Oktober 1994 (p.20)

STAATSKOERANT van die Republiek van Suid-Afrika. Vol. 343  
28 Januarie 1994. Kaapstad

T.O.D. Omsendminute 52 van 1994: Implikasies van die nuwe grondwet  
vir onderwysinrigtings.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. (Red.) 1972. Afrikaans - sy aard en ont-  
wikkeling. Pretoria: J.L. van Schaik. Bpk.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. (Red.) 1969. Inleiding tot die Taalkunde.  
Pretoria: J.L. van Schaik. Bpk.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. (Red.) 1964. Studierigtings in die Taal-  
kunde. Pretoria: J.L. van Schaik. Bpk.

Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70 van 1988.

\* \* \* \* \*

**AANHANGSEL A**

# Gestandaardiseerde Prestasietoets in Afrikaans Eerste Taal vir Standaard 6

Samesteller: A M Jacobs

Samesteller: Mev. A.M. Jacobs, M.A., THOD, Hoofnavorser

*Eksterne kommentators:*

Mnr. G.R. Barnard, (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement)

Mnr. N. Faassen (Kaaplandse Onderwysdepartement)

Dr. P.D. Joubert (Nataalse Onderwysdepartement)

Mnr. F.J. Kotze (Transvaalse Onderwysdepartement)

*Interne kommentator:*

Mev. W.A. Roux, B.A., B.Ed., THOD

ISBN 0 7969 1015 4

Groep: Onderwys

Afdeling: Opvoedkundige Evaluering

©Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1991

## INSTRUKSIES EN OEFENVOORBEËLDE

1. Daar is vier moontlike antwoorde (gemark A, B, C en D) by elke vraag. Nadat jy die vraag en die moontlike antwoorde gelees het, moet jy besluit watter een die korrekte antwoord is.
2. Elke vraag het slegs een korrekte antwoord.
3. Beantwoord al die vrae op kant 1 van die antwoordblad.
4. Laat ons nou voorbeeld p saam doen.

p. DUI DIE KORREKTE ONTBREKENDE WOORD AAN.

Na sy kattedwaad het Jannie kwaai les ...

- A. voorgelees.
- B. aangeleer.
- C. opgesê
- D. verduur.

Die korrekte antwoord is opgesê, wat by C voorkom. Kleur op kant 1 van jou antwoordblad langs p die kringetjie waarin C staan soos volg in deur sirkelvormige bewegings met jou potlood te maak:

p.    

5. Moenie buite die kringetjie swart maak nie.
6. Niks anders as 'n swart potlood mag gebruik word nie.
7. Slegs een antwoord moet vir elke vraag gemerk word.
8. As jy 'n fout begaan het, vee die verkeerde merk skoon uit.
9. Beantwoord nou self vraag q.

LEES DIE VOLGENDE GEDEELTE AANDAGTIG DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE VRAAG WAT DAAROP VOLG.

Hoog teen die Alpe, vandag met sneeu bedek, was daar eeue en eeue gelede lang gras en digte bosse, hoë bome en groen wingerde - so sê 'n ou verhaal. Daar het boer Karel gewoon. Hy het hard gewerk en elke jaar baie vate wyn gemaak. Hy was ryk, ja ryker as die baie boere wat ook daar gewoon het.

q. WATTER SINSDEEL VOLTOOI DIE STELLING KORREK?

Boer Karel het ...

- A. baie hard gewerk.
- B. wynvate gemaak.
- C. in die sneeu gewoon.
- D. vir iemand gewerk.

10. Watter stelling is korrek by vraag q? Dis reg, dis A; almal moes dus langs q die kringetjie waarin A voorkom, ingekleur het. Indien iemand 'n verkeerde kringetjie ingekleur het, vee die merk skoon uit en kleur A in!
11. Elke vraag het slegs een korrekte antwoord; daarom moet net een antwoord vir elke vraag gemerk word.
12. As jy 'n fout begaan het, vee die verkeerde merk skoon uit.
13. Moenie tyd mors as jy twyfel oor 'n antwoord nie; gaan liever dadelik met die volgende vraag voort. As daar aan die einde van die toets tyd oor is, kan jy weer kyk na die vraag/vrae wat jy oorgeslaan het.
14. Werk so vinnig en noukeurig moontlik. Sorg dat jy elke vraag langs die regte nommer op kant 1 van die antwoordblad beantwoord.
15. Die toets begin by vraag 1 sodra ons omblaai. Maak seker dat jy vraag 1 langs nommer 1 op kant 1 van die antwoordblad beantwoord. Verstaan almal wat gedoen moet word?
16. Van nou af mag niemand praat nie. Enigeen wat 'n probleem het, moet sy hand opsteek. Is julle gereed? Blaai om na bladsy 4 en begin!

AFDELING A: TAALLEER

1. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD IS VERKEERD GESPEL?

- A. Kinders wat in 'n stad woon, verlang baie dae plaas toe.
- B. Ons skool het begin om fondse in te samel vir liefdadigheid.
- C. Gisteraand se haal het baie skade aan ons tuin aangerig.
- D. Na die ongeluk eis die beseerde man nou skadevergoeding.

2. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD IS VERKEERD GESPEL?

- A. Die tabelle gee 'n goeie oorsig oor die reënval van die gebied.
- B. Die vonnisse wat opgelê is, is besonder swaar.
- C. Kanonne word gebruik in tye van oorlog.
- D. Die bokser het 'n lelikke wond bokant sy oog opgedoen in die geveg.

3. IN WATTER WOORD VAL DIE HOOFKLEM NIE OP DIE EERSTE LETTERGREEP NIE?

A	B	C	D
buffet	bonus	basis	basta

4. BY WATTER WOORDPAAR IS DIE UITSPRAAK VAN DIE ONDERSTREEPTE LETTERS DIESELFDE?

- A. Vinnig - familie
- B. Kinders - lelik
- C. Pere - gering
- D. Lewe - stert

5. BY WATTER WOORD IS DIE UITSPRAAK VAN DIE ONDERSTREEPTE LETTERS DIESELFDE?

- A. Kritikus
- B. Letter
- C. Berede
- D. Pianis

6. WATTER ONDERSTREEPTE MEERVOUDSVORM IS VERKEERD?
- A. Elke Christen moet God en sy gebooie gehoorsaam.
  - B. Die werkslui het nie gedurende die feestyd gewerk nie.
  - C. Baie mense het eerbewyse aan die ontslape leier bewys.
  - D. As die Kersseisoen nader, word slagdinge skaars.
7. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD IS NIE 'N VOORBEELD VAN VERKLEINING NIE?
- A. Die paddatjie spring vinnig weg toe hy my sien.
  - B. Die kroontjie op my kop wil nie platlê nie.
  - C. Die rok het net 'n smal soompie.
  - D. Die barsie teen die muur is amper onsigbaar.
8. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD DUI DIE OORTREFFENDE TRAP AAN?
- A. Die kwaai hond het my amper gebyt.
  - B. Die atleet het 'n mooi eindpoging aangewend.
  - C. Die beste stuurman staan gewoonlik aan wal.
  - D. Die rooi fiets is nuwer as myne.
9. WATTER SAMESTELLING IS VERKEERD?
- A. Seuns is altyd lief om kattekwaad aan te vang.
  - B. As die ooswind waai, kry ons reën.
  - C. Kinders luister graag na verhale uit die Kinderbybel.
  - D. Gedurende die vakansie gaan ons op 'n Karooplaas kuier.
10. WATTER SAMESTELLING IS VERKEERD?
- A. Pa het 'n perdekar waarmee sy oupa nog gery het.
  - B. Die kleuter het 'n goeie woordeskat.
  - C. Ma besit nog 'n outydse speldekussing.
  - D. Daar het pas 'n nuwe liedebundel verskyn.

11. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD IS NIE DIESELFDE WOORDSOORT AS DIE ANDER ONDERSTREEPTES NIE?

- A. Die toneelstuk was regtig 'n mislukking.
- B. Hy werk al lank by die firma.
- C. Die plekkie lyk saans soos 'n sprokiesland.
- D. Sy optrede was 'n groot sukses.

12. WATTER SIN IS DIE DIREKTE REDE VAN DIE ONDERSTAANDE SIN?

Die man sê dat hy siek is.

- A. Die man sê: "Ek is siek."
- B. Die man sê dat ek siek is.
- C. Die man sê: Hy is siek.
- D. Die man sê: Jy is siek.

13. WAT IS DIE KORREKTE WEERGAWE VAN DIE ONDERSTAANDE SIN?

Het jy al iets van Pa gehoor?

- A. Het jy nog niks nie van Pa gehoor?
- B. Het jy nog nie iets van Pa gehoor?
- C. Het jy nie al iets nie van Pa gehoor nie?
- D. Het jy nog niks van Pa gehoor nie?

14. WATTER EEN IS DIE KORREKTE VORM VAN ONTKENNING VAN DIE ONDERSTAANDE SIN?

Ek het iemand by die venster opgemerk.

- A. Ek het nie iemand by die venster opgemerk.
- B. Ek het niemand by die venster opgemerk nie.
- C. Ek het niemand by die venster opgemerk.
- D. Ek het nie een by die venster opgemerk nie.

15. Terwyl bye vlieg, ... hulle.

A	B	C	D
ruis	suis	gons	bons

16. Jy moet jou dank teenoor jou ouers ...

A	B	C	D
betuig.	aflê.	aantoon.	verwys.

17. WATTER IDIOOM HET NIE DIESELFDE BETEKENIS AS DIE ANDER DRIE NIE?

- A. Voet in die wind slaan.
- B. Die rieme neerlê.
- C. In die skadu stel.
- D. Die hasepad kies.

18. Om iemand die loef af te steek, beteken om iemand ...

- A. te oortref.
- B. te verkul.
- C. 'n loesing te gee.
- D. se woorde te onderbreek.

19. WATTER IDIOMATIESE UITDRUKKING IS VERKEERD?

- A. Hoe kleiner brak, hoe groter lawaai.
- B. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.
- C. Wie die kleine nie eer, is die grote nie werd.
- D. Hoe meer haas, hoe minder hond.

20. Om op droë grond vis te vang, beteken om ...

- A. dronk te wees.
- B. waardelose goed te verkoop.
- C. tevergeefs iets te probeer uitvind.
- D. 'n groot droogte te beleef.

21. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD PAS NIE IN DIE SIN NIE?

- A. Die (fors/vors) het afstand van sy troon gedoen.
- B. Die generaal (lei/ly) sy manskappe in die geveg.
- C. Die vrou het (innerlike/inwendige) beserings in die ongeluk opgedoen.
- D. Die (relings/reëlings) vir die matriekafskeid is reeds gefinaliseer.

22. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD PAS NIE IN DIE SIN NIE?

- A. Sy (gebrekkige/gebreklike) kennis het hom duur te staan gekom.
- B. Jy sal jou sê moet sê, want jy het (eindelik/eintlik) geen keuse nie.
- C. Die leeu het die taai (sening/seëning) met sy tande verskeur.
- D. Al die kinders is (begerig/begeerlik) om goeie werk te lewer.

23. Iemand wat baie maklik iets glo, is baie ...

- |            |            |               |             |
|------------|------------|---------------|-------------|
| A          | B          | C             | D           |
| ongelowig. | bygelowig. | kleingelowig. | liggelowig. |

24. Die tydperk wanneer die parlement nie in sitting is nie, word 'n ... genoem.

- |       |         |        |       |
|-------|---------|--------|-------|
| A     | B       | C      | D     |
| reses | ruskans | koukus | pouse |

25. Iemand wat aanhou veg tot die laaste is 'n ...

- |              |         |            |               |
|--------------|---------|------------|---------------|
| A            | B       | C          | D             |
| draadsitter. | vegter. | kapokhaan. | bittereinder. |

26. Die plek waar die Mohammedane aanbid, is 'n ...

- |            |           |         |       |
|------------|-----------|---------|-------|
| A          | B         | C       | D     |
| katedraal. | sinagoge. | moskee. | kerk. |

27. 'n Huis wat lyk asof dit enige oomblik kan intuïem, is ...

- |           |            |            |          |
|-----------|------------|------------|----------|
| A         | B          | C          | D        |
| tuïemend. | bouvallig. | ingetuïem. | tydelik. |

28. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD IS VERKEERD GEBRUIK?

- A. Die vrou drentel haastig verby winkel toe.
- B. Die perd trippel ligvoets voor die toeskouers verby.
- C. Die man slenter doelloos in die straat af.
- D. Die senter weifel geensins om die bal te gryp nie.

29. WATTER SIN KAN OP MEER AS EEN MANIER VERTOLK WORD?

- A. Die meisie op die fiets ken ek goed.
- B. Daardie seun is my broer wat die hond gebyt het.
- C. Ons hond het die afleweringsbode se broek geskeur.
- D. Die eienaar van die kafee op die hoek is vriendelik.

30. IN WATTER SIN WORD DAAR 'N BEWERING GEMAAK?

- A. Julle moet julle werk doen.
- B. Kinders, doen julle werk!
- C. Die kinders doen hulle werk.
- D. Doen die kinders hulle werk?

31. IN WATTER SIN WORD DAAR 'N BEWERING GEMAAK?

- A. Mnr. Bloem is die eienaar van die kwekery.
- B. Hy verkoop 'n groot verskeidenheid plante en struike.
- C. Tien werkers help mnr. Bloem om alles te versorg.
- D. Om met plante in die buitelug te werk is baie lekker.

32. WATTER SIN IS NIE VOLTOOI NIE?

- A. Hy sê dat hy siek is.
- B. Dat hy 'n baie belowende jong man is.
- C. Dat dit so is, is seker.
- D. Hy weet dat sy pa môre kom.

33. IN WATTER SIN IS DIE WOORDORDE VERKEERD?

- A. Toe Bart die boodskap gekry het, het hy besluit om te bly.
- B. Hoe Koos dit reggekry het, is vir my onverklaarbaar.
- C. Aangesien Manie beter gevoel het, het hy die konsert bygewoon.
- D. Dat Jan verloor het, is baie vir my eienaardig.

34. IN WATTER SIN IS DIE WOORDORDE KORREK?

- A. Ma het gesê dat ons buurman se hond die afleweringsbode gebyt het.
- B. Boetie het geantwoord dat al baie het die hond hom aangeval.
- C. Sussie wou weet of dan nie iemand iets daaraan kan doen nie.
- D. Pa het gevra hoeveel keer het al die hond mense gebyt.

35. WATTER WOORD PAS IN DIE SPASIE?

Hy het nie baie geld nie; ... , hy het niks.

A	B	C	D
alhoewel	desnieteenstaande	intendeel	derhalwe

36. WATTER WOORD KAN NIE DIE ONDERSTREEPTE WOORD IN DIE ONDERSTAANDE SIN VERVANG SONDER OM DIE BETEKENIS TE VERANDER NIE?

Die seuns hardloop vrolik op die grasperk rond.

A	B	C	D
wandel	jakker	rinkink	baljaar

37. WATTER ONDERSTREEPTE WOORD PAS NIE IN DIE SIN NIE?

- A. Die riete in die vlei ritsel saggies in die koel bries.
- B. Die swaar fluweelgordyne ritsel as dit toegetrek word.
- C. Die blare van die akkerboom ritsel in die ligte aandwindjie.
- D. Die dun velle papier ritsel as die tikster hulle optel.

38. WATTER GEVOEL WORD DEUR DIE ONDERSTREEPTE WOORD IN DIE ONDERSTAANDE SIN WEERGEGEE?

Bog! Jy verbeel jou dat jy alles weet.

A	B	C	D
Bewondering	Afkeur	Verbasing	Trots

39. IN WATTER SIN SPEEL DIE REUKSINTUIG 'N ROL?

- A. Die skurwe padda sit doodstil op die seun se hand.
- B. Die vrou dra 'n glinsterende diamant.
- C. Die skreeuende kind het masels.
- D. Die man hou die muwwe dagboek in sy hand.

BLAAI OM ASSEBLIEF

AFDELING B: STILLEES

LEES DIE VOLGENDE TWEE LEESSTUKKE AANDAGTIG DEUR EN BEANTWOORD DIE VRAE.

LEESSTUK B 1

DIE DREADNAUGHT

Dit is die jaar 1859. In die hawe van Liverpool, Engeland, lê 'n seilskip gereed om emigrante uit Duitsland na Amerika te neem. Hierdie skip, die Dreadnaught, vaar gereeld tussen Europa en Amerika met emigrante wat 'n heenkome gaan seek in die nuwe wêreld.

5 Kaptein Samuels van die Dreadnaught staan op die brug van sy skip en kyk hoe die pas gehuurde matrose teen die loopplank opstap. Sy mond word 'n dun reguit lyn. Daar is dertig manne, almal lede van die gevreesde bende genoem die Bloedige Veertig, wat hier in die suidelike hawens van Engeland optree. 'n Paar van hierdie skurke gaan aan  
10 boord van 'n skip wat na Amerika vaar, en maak die passaat dan 'n nagmerrie deur hulle geweldpleging, diefstal en roof. Vier of hoogstens vyf van hulle gaan altyd op 'n skip, nooit meer nie.

Samuels staan nou en kyk hoe dertig van die skurke met die treeplank opklim na die dek. Finnigan, die leier van die bende, en Moosh, die  
15 onderleier, kyk met betekenis in hulle oë op na die geharde kaptein.

Kaptein Samuels kyk terug met kalmte. Daar is geen vrees in sy staalgrou oë nie. Hy tel die manne: dertig skurke vol littekens van mesgevegte; die skuim van Engeland se hawens.

Samuels het hierdie manne self gehuur om as matrose op sy skip te  
20 dien. Daar was geen ander matrose op die kaai om te huur nie. Daarvoor het die Bloedige Veertig gesorg. Hulle het immers 'n plan met hierdie ysterharde kaptein en die skip: 'n plan met die kaptein wat die lede van die Bloedige Veertig nog altyd op hulle plek gehou het; met die skip waarop hulle nog nooit moles kon maak nie. Nou sou  
25 hulle hom wys, dertig van hulle gelyk.

Verwerk uit *Patrys*

40. WAAR HET DIE "BLOEDIGE VEERTIG" HULLE TUISTE GEHAD?

- A. Op skepe in die hawe van Liverpool
- B. In die suidelike hawens van Engeland
- C. In die hawens van die Nuwe Wêreld
- D. Op skepe wat tussen Amerika en Engeland vaar

41. Die bende was gegrief omdat ...

- A. hulle as die skuim van Engeland se hawens bekend gestaan het.
- B. daar geen matrose op die kaai was nie.
- C. hulle nog nie kaptein Samuels se gesag omver kon werp nie.
- D. hulle nie na die Nuwe Wêreld kon emigreer nie.

42. Die bende was die "skuim van Engeland se hawens" (r.18) beteken dat hulle ...

- A. 'n slegte gespuis was.
- B. geharde matrose was.
- C. in daardie hawens gewoon het.
- D. nie goeie vegters was nie.

43. Uit die stuk kan afgelei word dat kaptein Samuels ...

- A. nie geweet het dat almal lede van die Bloedige Veertig was nie.
- B. gereeld van hierdie bende se dienste gebruik gemaak het.
- C. onbewus was daarvan dat die berugte bende aan boord was.
- D. bewus was daarvan dat hy 'n spul skurke gehuur het.

44. HOEKOM HET KAPTEIN SAMUELS OP DIE BRUG GESTAAN?

- A. Daar was hy veilig teen enige aanval.
- B. Hy wou hê sy bemanning moes van sy gesag bewus wees.
- C. Hy wou sy nuwe matrose deurkyk.
- D. Hy wou nie met die res van die bemanning meng nie.

45. Uit die stuk blyk dit dat die kaptein iemand was wat baie ... was.

A	B	C	D
besluiteloos	vasberade	onmenslik	skrikkerig

46. Volgens die laaste paragraaf ...

- A. het die kaptein hierdie groep mense self uitgesoek.
- B. het slegs lede van die bende werk op die skepe gekry.
- C. was geen ander matrose bereid om vir kaptein Samuels te werk nie.
- D. was kaptein Samuels verplig om die skurke te huur.

47. Die bendeleiers "kyk met betekenis na die geharde kaptein" (r.15) beteken hulle kyk ...

A	B	C	D
bewonderend.	bevrees.	verbaas.	uitdagend.

#### LEESSTUK B 2

S-s-s-s-s-s-s-w-w-woe-woe ...

Die jakkalsteef spring op - tjank waarskuwend! Maar dit is reeds te laat. Die lammervanger tuimel en klap met die vlerke dat die grond met 'n hoë boog tussen die jakkalsies spat. Hy slaan sy kloue in 'n  
5 jakkalsie wat tjankend probeer wegspring. Die ander vlug holdersterbolder die skeur in. Uit die hardepeer se skadu skiet Fynhoor op die lammervanger af, wat die jakkalsie blitsig opraap. Sy spring ver en hoog, maar haar slagatande klap 'n duim onder die jakkalsie se pote. Hy worstel nog op lewe en dood. Die lammervanger hou wat hy het, en  
10 die jakkalsie trek stuiptrekkend tussen die toegeknypte kloue. Die teef spring nog drie, vier maal en hap dat haar tande klap. Die lammervanger skiet omhoog, vlieg in kringe opwaarts ... opwaarts ... totdat hy in die niet verdwyn.

Fynhoor storm heen en weer en kyk op na waar die lammervanger met  
15 haar kleintjie verdwyn het.

In die skeur het die ander viertjies ontsteld op 'n bondel gevlug. Hulle kyk net stil na haar met ogies wat soos krale blink in die halfdonker.

Hulle kan nie mooi besef wat gaande is nie.

Verwerk uit *Drietoen van die Vrystaat* (H.J. Vermaas)

48. WIE IS DIE VERTELLER VAN DIE VERHAAL?

- A. 'n Buitestander weef 'n verhaal rondom die jakkalsfamilie.
- B. Die jakkalsteef vertel haar eie verhaal.
- C. Fynhoor vertel die lewensverhaal van haar kleintjies.
- D. Die skrywer vertel van sy ervarings met die jakkalsfamilie.

49. S-s-s-s-s-w-w-woe-woe is die ...

- A. geruis toe die lammervanger op die jakkalsie afduik.
- B. waarskuwende tjank van die jakkalsteef.
- C. benoude geskree van die klein jakkalsie wat gevang is.
- D. opgewonde geskree van die lammervanger.

50. Die feit dat Fynhoor probeer om haar kleintjie uit die lammervanger se kloue te red dui daarop dat sy ... is.

A	B	C	D
kwaad	manhaftig	domastrant	onnosel

51. WAT DUI DAAROP DAT FYNHOOR 'N GOEIE MA WAS?

- A. Sy vertel hoe lief sy haar kinders het.
- B. Die verteller sê dit vir die leser.
- C. Dit kan uit haar optrede afgelei word.
- D. Die kleintjies se optrede getuig daarvan.

52. WATTER WOORD(E) IN DIE EERSTE PARAGRAAF DUI DAAROP DAT DIE LAMMERVANGER SE AANVAL ONVERWAGS WAS?

- A. blitsig opraap
- B. slaan
- C. holderstebolder
- D. probeer wegspring

53. Toe die lammervanger aanval, het Fynhoor ... gelê.

- A. in 'n veilige skeur
- B. onder 'n oorhangende rots
- C. in die mik van 'n boomtak
- D. onder 'n boom

54. Fynhoor het blykbaar haar naam gekry omdat sy ...

- A. baie groot ore gehad het.
- B. baie fyn oortjies gehad het.
- C. 'n gehoorsame jakkalsie was.
- D. baie goed kon hoor.

55. Uit die sin: "Fynhoor storm heen en weer en kyk op na waar die lammervanger met haar kleintjie verdwyn het", spreek die jakkalsteef se ...

A	B	C	D
magteloosheid.	woede.	verdwaasdheid.	droefheid.

56. Die jakkalsie "ruk stuiptrekkend" tussen die "toegeknypte kloue", beteken dat hy ...

- A. ruk om los te kom.
- B. reeds feitlik dood was.
- C. bewe van angs vir die lammervanger.
- D. heen en weer gepluk word deur die lammervanger.

57. IN WATTER AANHALING KOM DAAR 'N VERGELYKING VOOR?

- A. "ogies wat soos krale blink in die halfdonker" (r.17)
- B. "klap met die vlerke dat die grond met 'n boog tussen die jakkalsies spat" (r.3-4)
- C. "die jakkalsie ruk stuiptrekkend tussen die toegeknypte kloue" (r.10)
- D. "Hy worstel nog op lewe en dood" (r.9)

58. IN WATTER AANHALING KOM DAAR KLANKNABOOTSING VOOR?

- A. "grond met 'n boog tussen die jakkalsies spat" (r.3-4)
- B. "wat die jakkalsie blitsig opraap" (r.7)
- C. hap dat haar tande klap" (r.11)
- D. "ontsteld op 'n bondel gevlug" (r.16)

59. "Hulle kan nie mooi beseef wat gaande is nie", beteken hulle was ...

- | A           | B          | C        | D           |
|-------------|------------|----------|-------------|
| doodbenoud. | opgewonde. | oorbluf. | nuuskierig. |

60. WATTER SINSNEDE SAL DIE SIN DIE BESTE VOLTOOI?

By die lees van die stuk voel 'n mens ...

- A. bly dat die lammervanger kos het om te eet.
- B. jammer vir Fynhoor omdat sy haar kleintjie nie kon red nie.
- C. verskrik deur die skielike aanval van die lammervanger.
- D. kwaad vir Fynhoor omdat sy haar kleintjie nie beter opgepas het nie.

EINDE VAN TOETS